BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# ONTMOETINGS MET JESUS

# Deel 1 – Binne en Buitekring

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Watter dinge probeer mense doen of verkry in hierdie lewe met die hoop dat dit satisfaksie, vreugde en sin in die lewe sal bring? Watter van hierdie dinge het jy al in jou lewe probeer? Hoe het dit uitgedraai?**

**Dink jy alle mense het 'n behoefte diep in hulle om sin te maak van hierdie lewe? Verduidelik jou antwoord.**

**Het jy al gevind dat mense na sekere godsdienstige dinge in hulle lewe verwys as motivering hoekom God moet aandag gee aan hulle gebedsversoeke of hoekom God hulle moet help? Na watter dinge verwys mense?**

**Hoekom gryp mense na hierdie bogenoemde dinge? Dink jy ons kan staatmaak op hierdie dinge as 'n Christen? Verduidelik.**

**Lees deur Johannes 3:1-18 en beantwoord die vrae:**

**Tel bietjie hoeveel keer sien jy die woord "glo" in hierdie paar versies. Hoekom dink jy beklemtoon Jesus geloof in God aan Nikodemus?**

**Hoe sal jy vir iemand verduidelik wat "wedergeboorte" beteken? Hoe weet jy as dit in jou lewe gebeur het?**

**Hoe vergelyk mense wat vandag nog staatmaak op hulle goeie, Christelike of morele lewe as redes hoekom God genade aan hulle moet bewys en toelaat in die hemel, met Nikodemus? Hoe vergelyk dit met Paulus se woorde in Efesiërs 2:9?**

**Wat dink jy sal Jesus se woorde aan hulle wees? Wat is nodig vir hulle om 'n ewigheid saam met Hom te spandeer?**

**Lees Efesiërs 2:6-8. Wat het God vir ons gedoen in Jesus Christus? Hoe verkry ons dit?**

**Lees 1 Johannes 5:10-13. Wat is nodig om gered te word? Wie het die ewige lewe volgens hierdie verse?**

**Dink jy die evangelie is moeilik om te verstaan? Hoe gemaklik is jy om die evangelie van Jesus vir ander mense te verduidelik? Hoe kan jy jouself toerus om dit maklik met ander te deel?**

**Is daar iemand wat jy ken wat dalk nog nie *in* Jesus glo nie, maar net *aan* Hom glo? Hoe kan jy vir daardie persoon hierdie week bid?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**